


Welkom by week 4 van 'n 7 weke reeks: Klere vir die Okkasie. Vanaand praat ons oor: **Skoene vir die langpad van vrede**. *Click* op die link om vanaand se diens te kyk:

https://www.youtube.com/channel/UCNSvbXWhRFKUWsRpch1wG8g

Is jy gereed vir die langpad? Is die skoene aan jou voete gemaak vir die langpad?

Almal van ons het al 'n stel afgetrap met nuwe skoene! Toe ons die skoene gekoop het, het hulle so mooi en gemaklik gelyk. En toe ons vir die eerste keer met hulle gaan rondstap in die winkels, het ons vinnig besef: hierdie skoene is nié gemaak vir die langpad nie!

'n Verhouding met die Here is 'n langpad-affêre. Sommige ouens se lywe kan 'n 100-meter naelloop baasraak, ander ouens is weer langasems. Een ding is seker: die pad saam met God is nie 'n 100-meter naelloop nie. Daar is nie iets soos 'n kortpad as ons saam met die Here loop nie. Nee, dis 'n pad wat, as ons dit stap soos wat die Here wil, ons lewe lank sal vat. Dis ook nie altyd 'n maklike pad nie. Maar dit is by verre die beste pad!

Dit is ook hoekom die Here vir ons die regte skoene wil gee wat ons kan aantrek vir hierdie langpad.




Hoe lyk hierdie skoene? Wel, letterlik het die skoene as deel van 'n soldaat se wapenrusting waarvan ons in Efesiërs 6 lees, soos sandale gelyk met riempies wat om jou been vasgemaak is. Maar hierdie was nie sommer enige sandaal nie! Nee, dit het aan die onderkant van die leersool ysterpenne gehad; amper soos 'spikes' wat ons vandag ken. Hierdie skoene is spesifiek ontwerp om jou te help om staande te bly wanneer die grond onder jou voete ongelyk was.

Ons lees in Efesiërs 6 dat dié skoene wat die Here vir ons gee, die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig is. Die Boodskap vertaling sê dit so:

"*Jy moet altyd gereed wees om vir ander te vertel van die vrede wat Jesus vir ons bring. Dit moet soos die skoene aan jou voete wees*."

Ons het in die vorige deel gelees van die vryspraak wat God gee. Om as 'n vrygespreekte in verhouding met die Here te kan leef, gee ons vrede wat ons nie presies in woorde aan iemand anders kan verduidelik nie.

Dink gou saam met my aan hierdie voorbeeld: as jy genooi word om saam met vriende op 'n staptoer te gaan, en jou ouers koop vir jou die beste stapskoene sodat jy gemaklik en veilig kan stap, hoekom op dees aarde sal jy verkies om eerder met jou visplakkies of *Crocs* te gaan?!

As ek en jy kies om in twis met ander mense te leef, as ons kies om lamgelê te word deur skuldgevoelens of angs, as ons vashou aan bitterheid oor iets wat iemand jou aangedoen het, dan moet jy onthou: daar is 'n alternatief. Jy het altyd die keuse. Jou splinternuwe stel skoene van vrede wag om aangetrek te word!

## #GROEPSTYD:

Tyd vir opvang

- Hoe gaan dit met elke persoon in jou groep? Wat het hul die afgelope week aangevang? Watter oppe en awwe het elkeen beleef die afgelope week?
- As jy dalk die op jou eie doen, doen moeite om by jou vriende uit te vind hoe dit gaan. Of hoor dalk by jou kerkleier hoe dit met hom/haar gaan.

## #WAT SÊ DIE BYBEL VIR ONS?

Lees in jou groep hierdie twee gedeeltes saam:

**Johannes 14:27**
*Ek laat vir julle vrede na; my vrede deel Ek met julle. Ek gee nie soos die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld of beangs word nie.*

**Kolossense 3:16**
*Laat die rykdom van alles wat Chris-tus ons leer, julle leefstyl bepaal. Met alle wys-heid moet julle mekaar on-derrig en me-kaar die regte pad wys. Sing met dank-ba-re harte psalms, lofgesange en geesteli-ke liedere tot eer van God.*

**Gesels met mekaar:**

- Ons lees dat die vrede wat Jesus gee, anders lyk as die vrede van die wêreld.
  - Hoe verskil die vrede wat Jesus gee en die oppervlakkige vrede van die wêreld?
- Dink jy 'n mens kan getuig of met ander praat van die vrede van Jesus, wanneer 'n persoon nog nie werklik daardie vrede self ontvang het nie? Hoekom sê jy so?

## #GETREAL

Ons lewe in 'n ander land en tyd as in Efese toe Paulus vir volgelinge van Jesus geskryf het. Daardie tyd was Jesus se volgelinge in die minderheid en hul was dikwels vervolg omdat hul in Jesus geglo

het. Om vandag te getuig oor die vrede van Jesus is vir ons heeltemal anders as wat dit sou wees vir hulle!

**Kom ons hou debat!** Deel die groep op in twee spanne. Ons gaan debatteer oor hierdie aanhaling:

*“Preach the gospel at all times. If necessary, use words.”* (Outeur onbekend; sommige beweer dat Franciskus van Assissi dit gesê het, maar dit was waarskynlik nie hy nie.)

<u>Groep 1</u> se stelling is: as ons leef soos Jesus van ons vra, is woorde oor Jesus nie nodig nie.

<u>Groep 2</u> se stelling is: selfs al leef ons nie altyd soos wat Jesus wil hê ons moet nie, moet ons altyd vir ander vertel van Jesus.

**Kom ons *recap***: Wat vat jy vandag saam met jou na aanleiding van jul debat? Hoe wil jy die evangelie van vrede verkondig?

## BID VIR MEKAAR

- Bid saam met mekaar dat ons nie sal tevrede wees met oppervlakkige vrede nie; dat net die vrede wat Jesus vir ons gee vir ons goed genoeg sal wees.
- Waarvoor/ vir wie anders kan ons vandag bid?

## #GET REAL

- ☞ Gaan deel hierdie week jou unieke storie met ander. Ander het nie dieselfde merke op hulle skoene as wat jy het nie. Vertel vir iemand wat Jesus al in jou lewe gedoen het.
  Wanneer jy dit gedoen het, vertel jou groepleier / predikant / pastoor hoe dit gegaan het.
- ☞ Ons *challenge* jou om elke week in te skakel en om saam met ons te kom bid.

